# 19Augustus 2023 - Lesing 104 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Blinde geloof - dooie Christendom – 24/2/59

**NO: 7292** Dit is moeilik om die mense te oortuig van die feit dat Ek nie tevrede is met uiterlikhede nie, en hieronder bedoel Ek die formele meeloop van **menslike tradisies en gebruike** wat heeltemal waardeloos is, juis omdat dit net 'n “meeloop” beteken, oorgenome gewoontes of gebruike **wat maar skyn is en My dus nie welgevallig kan wees nie**.

Want Ek wil waarheid hê in 'n **lewende Christendom**, Ek wil mense hê wat **ywerig meedoen en self meelewe**, want vir die dode sal Ek nooit as te nimmer begrip hê of My toestemming kan gee nie. Dood is egter alles wat mense hul eie maak of oorneem van hul medemens, **sonder om eers ernstig self 'n standpunt daaroor aan te neem**.

Wanneer ’n mens deur sy opvoeding tot ’n bepaalde opvatting gebring is, het hy ’n plig, sodra hy kan dink, om **vir homself ’n mening te vorm** en eers wat hy dan in vrye wil sal aanneem, is sy eie geestelike besit waarvoor hy self verantwoording sal moet doen hoe hy dit benut het.

**Maar hy sal ook verantwoording moet doen vir blinde geloof**. So 'n geloof kan nooit aangereken word as God-welgevallig nie, want Ek kan nie goedkeur as alles ondeurdag en sonder beswaar geglo word nie - en dat die mens self gladnie iets ondersoek wat van hom verlang word om te glo nie.

Hy sal hom ook nooit kan beroep dat hy deur leraars so geleer was nie, want hy is, as mens wat self kan dink, ook in staat om na te dink of sy denke korrek gelei word, **indien dit by hom erns sou wees om agter die waarheid te kom**

Maar hierdie ernstige wil ontbreek by die meeste mense, daarom **neem hulle baie dinge gedagteloos aan** en is nog van mening dat hulle ware Christene is, solank hulle nie die leerstellings aangaande JaHshua Messias verwerp nie. Maar dit is egter lank nog nie ’n geloof wat hulle besit nie, want ’n geloof vir My wat waarde het, **moet lewend wees** – en kan slegs deur ’n **ernstige ingesteldheid** verwerf word.

Maar waar kan dit egter gevind word? Mense is dikwels tevrede met die eenmalige onderrig vanuit hul jeug, wat hulle dan saamneem in hulle lewe en nou glo dat hierdie kennis voldoende is en hulle voel geen verdere verantwoordelikheid teenoor hul God en Skepper nie. **Hoe vêr** bevind hulle hulleself nog op ’n dwaalspoor en **hoe leeg** sal hulle eendag voor My staan - wanneer Ek van hul verantwoording gaan eis vir hulle aardse lewe.

Tog kan hulle nie oortuig word van hul verkeerde denke nie, anders sou hulle moeite gedoen het om dieper daarin deur te dring en hulle sou hulleself met ’n lewende gees besighou met die dooie kennis wat hulle tot dusvêr besit het. Daar is slegs weinig wat nie daarmee tevrede is nie en op soek gaan om die waarheid te vind. En hierdie weinige sal Haar ook vind omdat hulle innerlik na My soek, Wie die Ewige Waarheid is.

Maar alle mense kan My soek, - **want alle mense kan dink**, - en elke ernstige gedagte sal hulle lei op die regte weg, omdat Ek Self steeds bereid is om My Hande uit te strek en **almal wat lig verlang uit die donker tot in die lig te trek**. Maar solank as wat 'n mens nie besef dat hy homself op die verkeerde weg bevind nie, soek hy ook nie die regte weg nie.

En mense glo dat hulle op die regte weg is, want dit word vir hulle ingeprent **deur leiers wat self nog nie die regte weg gevind het nie**. En so word dit aan elke mens persoonlik oorgelaat.

Maar indirek word elkeen ook steeds weer afsonderlik gehelp. Hy word **in gedagtes aangespoor** om vir homself na te dink en homself af te vra – hoe hy homself staande sal hou as hy homself moet verantwoord teenoor My. En as hy by sulke innerlike vrae vir ’n rukkie sal bly stilstaan, **sal Ek hom ook beantwoord**, want Ek vra slegs sy wil, dat die wil hom bewustelik na My sal wend.

Dan sal Ek nooit van sy sy wyk totdat hy op die regte weg gaan, waar hy My sal soek en verseker ook sal vind. Amein.